Hoe om Voortrekkerdrag vir Drawwertjies aan te bied

Graad 0 tot 3

Gebruik papierpoppe om verskillende Voortrekkerdrag vir Drawwertjies te wys.

Onderwerp: Voortrekkerdrag

Stappe

1. **Benodigdhede:**
   - Papierpop en papierklere vir elke spanlid
   - ’n Skêr vir elke spanlid
   - Plastieksakkie vir elke spanlid
   - Swart pen (skryf elke spanlid se naam op ’n plastieksakkie)
2. Verduidelik nou die verskillende soorte Voortrekkerdrag. Die offisier kan self vooraf die papierpop en klere uitsny en die verskillende drag demonstreer.

Spandrag

Elke span besluit self op spandrag. Dit is gewoonlik ’n T-hemp met die span se spankenteken op. Baie spanne het bordesakkies en ’n spanhoed. Alles hang van die span en fondse af!

Aktiewe drag

’n Denimbroek (kort of lank) of ’n denimromp met die Voortrekkerhemp (blou, rooi of wit). Jy kan sandale, tekkies of skoene (of geen) aantrek. ’n Hoed kan ook gedra word. Hare los of vas net soos die Drawwertjie verkies.

Formele drag

’n Denimlangbroek of ’n -romp, Voortrekkerhemp (blou, rooi of wit) met die onderbaadjie. Die langbroek moet verkieslik sonder enige versierings wees. Dra tekkies daarby. Hare verkieslik vasgebind. Indien dit koud is, kan ’n donkerblou baadjie (bv. ’n drimac) gedra word.

3. Laat elkeen nou die papierpop en papierklere uitsny.
4. Laat spanlede die papierpop aantrek met – spandrag, aktiewe of formele drag.
5. ’n Kompetisie kan ook gehou word. Die spanoffisier noem bv. aktiewe drag en dan moet die spanlede die pop daarvolgens klee.

Wenke

1. Laat die spanlede Voortrekkerdrag aantrek vir dié spesifieke spanbyeenkoms. Ouers moet dus vroegtydig daarvan kennis neem.
2. Indien die span Graad 0 of 1 is, kan hierdie aktiwiteit oor twee byeenkomste aangebied word. Die spanoffisier kan ook vooraf die papierpoppe en klere uitsny.
3. Dit is nie nodig dat elke spanlid ’n eie papierpop en papierklere het nie. Een papierpop kan gebruik word en elke spanlid kan help om die papierklere uit te sny.
4. Die papierpop en klere is by die Voriemôl te koop.

Waarskuwings

1. Hierdie spanbyeenkoms kan langer as gewoonlik duur. Sommige spanlede neem langer om die papierpop en klere uit te sny.

Spanlede met spandrag (vlinderhempies)